Tjokkie WEEKBLAD
UNIVERSITAS NET MY BESTE
13 Maart 2026 Uitgawe: 9/1/2026

## UIT DIE KANTOOR

Die kwartaal staan einde se kant toe en ons is byna klaar met die skryf van toetse vir hierdie kwartaal. Die Gr. 4-7 leerders se toetsweek eindig op Woensdag, 18 Maart. Tog wil ek weer 'n beroep op ouers doen om die kinders te motiveer om ook hard te leer vir die laaste paar vraestelle wat nog geskryf moet word. Die akademiese vorderingsverslae sal spoedig na die vakansie uitgestuur word.

**Buitemuurs:**

Buitemuurs stop op 19 Maart vir die volgende aktiwiteite:
Skaak, Koor, Voortrekkers, Tennis, Pom-poms en Ritmegroep. Slegs enkele rugby- en netbaltoerspanne sal nog oefen met die oog op toernooie wat in die vakansie plaasvind.

Die buitemuurse rooster vir die tweede kwartaal sal binnekort beskikbaar wees sodat ouers vooruit kan beplan.

**"Lazer & Light"-vertoning:**

Die skool het gister 'n inligtingsbrief rakende die beplande fondsinsameling versprei. Graag versoek ons vriendelik dat u die skakel wat in die brief verskyn, sal gebruik en voltooi sodat ons 'n ingeligte besluit rakende die beplande geleentheid kan neem.


## ANDER

Ouers moet asb. kennis neem dat Menseregtedag vanjaar op Saterdag, 21 Maart val, wat beteken dat dit nie 'n langnaweek soos gewoonlik is nie. Die skool sal dus Vrydag, 20 Maart normale tyd verdaag.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 13 Maart: | Rugby: WP Aandliga |
| | H/S Jim Fouché Opedag (Gr. 7's) |
| 18 Maart: | Toetsweek eindig (Gr. 4-7) |
| 19 Maart: | SA Atletiek Kampioenskappe |
| 21 Maart: | Gr. R Baby Tjoklits Sportdag (Tjokkies) |
| | Menseregtedag |

## VERJAARSDAE



16 Maart: Mnr. Elrico Greyvenstein (IT)

## MAMMAS WAT BID

**Posisie maak die wêreld se verskil**

Watchman Nee skryf:

"*Outside of Christ, I am only a sinner, but in Christ I am saved. Outside of Christ, I am empty; in Christ I am full. Outside of Christ, I am weak; in Christ I am strong. Outside of Christ, I have been defeated; in Christ I am already victorious. How meaningful are the words, 'in Christ'".*

Dank die Here vir die nuwe posisie wat Hy ons gee in Christus! As gevolg van 'n blywende geloof in Jesus, is ons deel van God se wenspan! Elke dag geniet ons die seëninge wat Hy gee omdat ons deel vorm van Sy familie!

Efesiërs 1:3 DB

Laat ons nie ophou om God, die Vader van ons Here Jesus Christus, te loof en groot te maak nie. Omdat ons Jesus s'n is, het God ons - wat eintlik niks was nie - baie belangrik kom maak. Hy het vir ons al die geestelike dinge gegee wat by God die moeite werd is vir 'n mens om te hê.


Tjokkies
nooi
alle kleuters 3 jaar tot Gr R
om te kom deelneem aan ons
BABY TJOKLITS
Inter-skooltjie
Kleuter Sportdag!
Saterdag
21 Maart 2026
KONTAK:
Sanet: 051-522 3628
Esteé: 084 368 6190


JUMP FOR JESUS
10 APRIL
16:00 – 19:00
TEN BATE VAN ENGO-JEUGSENTRUMS
Vir kinders: Graad R – Graad 7
KAARTJIES BESKIKBAAR OP QUICKET
PRAISE & WORSHIP NIGHT
BY LEWENDE WOORD BLOEMFONTEIN
KRUIS KIDZ
WAT OM TE VERWAG:
• Groot springkastele en opblaasspeletjies
• Kosstalletjies
• Gesigverf
• Pret en speletjies saam met vriende
★ ONS SLUIT DIE AAND AF MET 'N SPESIALE AANBIDDINGSGELEENTHEID
• Navrae: Elizma 082 773 4103
R90
'N KAARTJIE